

# Ons Erediens

## NG Gemeente Wonderpark



**Gesinserediens saamgestel deur:  
Dr. Ernst Endres - 17 Mei 2020**

Kry jou gesin en 'n Bybel en gaan sit in 'n rustige plek in die huis.

### 1. VOTUM

Dié wat op die Here vertrou,  
is soos Sionsberg  
wat nie wankel nie  
en altyd vas bly staan.

<sup>2</sup>Soos die berge Jerusalem  
aan alle kante beskerm,  
so beskerm die Here sy volk,  
nou en vir altyd. (Psalm 125)

### 2. SEëNGROET

Aan die gemeente van God in Wonderpark  
en aan almal wat aan Hom behoort:

*“Genade en vrede vir julle  
van God ons Vader en  
die Here Jesus Christus”.*

### 3. LOFLIED

Lei ons Here groot en magtig  
U alleen ons hulp en krag  
As die nag se kleed ons sluier,  
Bly ons steeds u heil verwag.  
Ons Bevryder, ons Bevryder,  
U, die God van ons behoud –  
U, die God van ons behoud



Lei ons, Here, groot en magtig,  
U alleen ons sorg en stut.  
As die toekoms ons bekommer,  
Sal U, Here ons beskut.  
Ons beskermer, ons Beskermer,  
U, die God wat ons behoed –  
U, die God wat ons behoed.

#### 4. GELOOFSBELYDENIS: EK GLO....

Ek glo in God die Vader, die Almagtige,  
die Skepper van hemel en aarde,  
En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;  
wat ontvang is van die Heilige Gees,  
gebore is uit die maagd Maria;  
wat gely het onder Pontius Pilatus,  
gekruisig is, gesterf het en begrawe is en  
ter helle neergedaal het ;  
wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode;  
wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die  
almagtige Vader;  
van waar Hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe,  
en die wat reeds gesterf het.  
Ek glo in die Heilige Gees;  
ek glo aan 'n heilige, algemene Christelike kerk,'  
die gemeenskap van die heiliges,  
die vergewing van sondes,  
die opstanding van die vlees en  
in 'n ewige lewe.

#### 5. SKRIFLESING EN GEBED

*Teks.* Johannes 10:1-16

*Tema.* Die goeie herder en sy unieke kudde!



In die antieke tyd het leiers as herders bekend gestaan. Moses en Dawid was onder die volk bekend as goeie herders. Die leiers van Israel word deur Esegïel as slegte herders gekritiseer, omdat hulle nie vir die kudde gesorg het nie:

Moet herders dan nie vir die kleinvee sorg nie? <sup>3</sup>Julle drink die melk, julle maak vir julle klere van die wol, julle slag die vetste kleinvee, maar julle sorg nie vir die kleinvee nie. Julle was harde en wrede regeerders. <sup>5</sup>Die kleinvee was sonder herder en het verstrooi geraak, en toe hulle verstrooi raak, word hulle 'n prooi vir roofdiere. (Esegïel 34:1-5)

In die Nuwe Testament gebruik Johannes die herdersbeeld as metafoor om die verhouding tussen Christus en Sy volgelinge te beskryf. Die verhouding is soos dié van 'n herder en sy kudde. In Johannes 10 speel daar drie tonele af: (1) met dagbreek, (2) deur die loop van die dag en (3) in die skemeraand.

*Die eerste toneel* speel met dagbreek by die skaapkraal af. 'n Skaapkraal was 'n klipmuur met doringtakke bo-op die muur wat die kudde in die nag teen wilde diere en diewe beskerm het. Verskeie kuddes het in 'n skaapkraal oornag. Daar was een hek in die skaapkraal en die hekwagter het elke nag voor die hek gelê en slaap. Die verskillende herders het met dagbreek by die skaapkraal bymekaar gekom om hulle onderskeie kudde te versamel. Wanneer die herders nader kom, maak die hekwagter die hek vir die verskillende herders oop. Nadat die herders by die hek ingegaan het, gaan staan hulle op verskillende plekke in die kraal en begin om hulle kudde bymekaar te maak. Elke herder roep dan sy skape op hulle name en wanneer die kudde die stem van hulle eie herder hoor, gaan hulle na hom toe. Wanneer die kudde die stem van 'n vreemde herder hoor, het hulle gewoonlik na 'n ander deel van die kraal weggehardloop.

*Die tweede toneel* speel in die skaapkamp net buite die kraal af. Nadat die kudde versamel is, het die herder by die uitgang van die kamp gaan staan en so het die kudde dan voor hom na buite beweeg. As al die skape uit die kamp is, het die herder voor hulle uitgestap en hulle na die weiding vir die dag gelei. Die herder het die hele dag saam met sy kudde deurgebring. Hy het hulle laat wei en water drink en hy moes hulle ook teen verskillende gevare beskerm. Buite hierdie kampe het diewe soms rond gedrentel om van die skape te steel. Skape is hoofsaaklik vir hulle wol gebruik, maar die diewe het nie in die wol belang-gestel nie. Hulle wou die skape slagpale toe neem om vir hulle vleis geslag te word.



*Die derde toneel* speel teen skemeraand af wanneer die herder met sy kudde na die veiligheid van die skaapkraal terugkeer. In die skemeraand het die gevaar van roofdiere bestaan. Wolwe, leeus, bere en jakkalse was daarop uit om tussen die kudde in te kom en een van die skape te gryp en dood te maak. Wanneer die herder van 'n roofdier bewus word, het hy alles binne sy vermoë gedoen om die skaap uit die kloue van die roofdier te red. Die herder was bereid om sy lewe vir sy kudde te gee. Herders het ook soms van dagloners gebruik gemaak om hulle te help. 'n Dagloner het geen eienaarskap vir die kudde aanvaar nie en het gevlug as daar roofdiere naby die kudde opgemerk was. Jesus sê dat Hy die goeie Herder is wat sy lewe vir sy skape neerlê en dat Hy hulle teen roofdiere sal beskerm. Uit hierdie metafoor kom die volgende geestelike waarhede na vore:

## **ONS KYK NA VIER UITNEMENDE EIENSKAPPE VAN DIE GOEIE HERDER EN SY UNIEKE KUDDE:**

### **1. DIE GOEIE HERDER KEN SY KUDDE OP HULLE NAME(10:2 & 3).**

- *Die herder ken sy kudde op hulle name.* Die herder kom in die kraal en roep sy kudde op hulle naam. Elke gelowige is deur die herder op sy naam geroep om aan Hom te behoort:

Die skape luister na die herder se stem. Hy roep sy skape op hulle name en lei hulle uit. (Johannes 10:2)

#### **Ons lees in Jesaja 43:1**

Luister, so sê die Here wat jou geskep het, Jakob, wat jou gevorm het, Israel: Moenie bang wees nie, Ek verlos jou, Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne.

- *Die kudde herken die stem van die herder en volg hom.* Die kudde herken die stem van hulle eie herder en volg Hom uit die kraal na kleiner kamp en van daar na die weiveld. Gelowiges is volgelingen van Christus en moet leer om onder alle omstandighede na Sy stem te luister en Hom alleen te volg. Ons lees:

#### **Johannes 10:4**

“Die skape luister na die herder se stem. Hy roep sy skape op hulle name en lei hulle uit. <sup>4</sup>Wanneer hy al sy skape uitgebring het, loop hy voor hulle uit, en die skape volg hom, omdat hulle sy stem ken” **en**



## Jesaja 44:5

<sup>5</sup>Die een sal sê: "Ek behoort aan die Here," en homself 'n nakomeling van Jakob noem; die ander sal op sy hand skryf: Die Here S'n en homself 'n lid van die volk Israel noem.

- *Die kudde sal die stem van vreemdes nooit volg nie.* Daar was ander herders ook in die kraal, maar die kudde volg nooit 'n vreemde stem nie. Gelowiges hoor deesdae baie stemme en hulle sal moet leer om tussen die stem van die herder en vreemdelinge te onderskei:

<sup>5</sup>Hulle sal nooit 'n vreemde volg nie maar van hom af weghardloop, omdat hulle nie die stem van vreemdes ken nie." (Johannes 10:5)

## 2. DIE GOEIE HERDER IS DIE DEURGANG TOT DIE VOLHEID VAN DIE LEWE (10:7-10)

<sup>7</sup>Toe het Jesus verder gesê: "Dit verseker Ek julle: Ek is die ingang vir die skape. <sup>8</sup>Almal wat voor My gekom het, is diewe en rowers; maar die skape het nie na hulle geluister nie. <sup>9</sup>Ek is die ingang; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word. Hy sal in en uit gaan en weiding kry. <sup>10</sup>'n Dief kom net steel en slag en uitroei; Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed.

- *Jesus is die deurgang tot 'n lewe van oorvloed.* Nadat die herder sy kudde in die skaapkraal bymekaar gemaak het, versamel hy sy kudde in 'n kleiner kamp. Daarna het hy by die uitgang van die kamp gaan staan om sy kudde na die weiveld uit te lei.

<sup>9</sup>Ek is die ingang; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word. Hy sal in en uit gaan en weiding kry. Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed.

### Die verskillende funksies van 'n bekwame herder:

- Herders sien om na die behoeftes van hulle kleinvee;
- Herders versterk (strengthen) die swakkes;
- Herders dokter die siekes;
- Herders versorg die wonde van dié wat seergekry het,



- Herders bring dié terug wat weg dwaal het;
- Herders soek dié wat weg geraak het (Esegiël 34:4).

**Ons lees in Johannes 41:10 en 13 van 'n ander beeld van die versorgende herder:**

Moenie bang wees nie, Ek is by jou, moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God. Ek versterk jou, Ek help jou, Ek hou jou vas, met my eie hand red Ek jou. Ek is die Here jou God, Ek vat jou hand, Ek sê vir jou: Moenie bang wees nie, Ek help jou. Moenie bang wees nie!

**3. DIE GOEIE HERDER GEE SY LEWE VIR SY KUDDE (10:11-13)**

- *Voorbeelde van slegte herders.* Esegiël het die Joodse leiers daarvan beskuldig dat hulle slegte herders was:

Moet herders dan nie vir die kleinvee sorg nie? Julle drink die melk, julle maak vir julle klere van die wol, julle slag die vetste kleinvee, maar julle sorg nie vir die kleinvee nie. Julle was harde en wrede regeerders. Die kleinvee was sonder herder en het verstrooi geraak, en toe hulle verstrooi raak, word hulle 'n prooi vir roofdiere. (Esegiël 34:1-5)

- *Die goeie herder lê sy lewe af vir sy kudde.* Die goeie herder is bereid om sy kudde met sy lewe te verdedig. 'n Dagloner was nooit bereid om sy lewe vir die kudde te waag nie.

<sup>11</sup>“Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape. <sup>12</sup>'n Huurling is geen herder nie, en dit is nie sy eie skape nie. As hy 'n wolf sien kom, los hy die skape en hardloop weg, en die wolf vang die skape en jaag die trop uitmekaar. <sup>13</sup>Hy is 'n huurling en bekommer hom nie oor die skape nie (10:11-13).

**4. DIE GOEIE HERDER KEN SY KUDDE (INTIEME BAND TUSSEN DIE HERDER EN SY KUDDE (10:14-16)**

- *Daar bestaan 'n intieme band tussen tussen die herder en sy kudde.* Dieselfde verhouding wat tussen Christus en sy Vader bestaan, bestaan tussen die herder en sy kudde:

<sup>14</sup>“Ek is die goeie herder. Ek ken my skape, en my skape ken My, <sup>15</sup>net soos die Vader My ken en Ek die Vader ken. (Johannes 10:14)



- **Die herder gee aan sy kudde die grootste geskenk: die ewige lewe.** Die herder ken sy kudde op hulle name en hy is die deurgang tot 'n lewe van oorvloed. Maar die goeie Herder gee ook aan Sy kudde die ewige lewe en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie.

<sup>27</sup>My skape luister na my stem; Ek ken hulle, en hulle volg My. <sup>28</sup>Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie. <sup>29</sup>Dié wat my Vader vir My gegee het, is die belangrikste van almal, en niemand kan hulle uit die hand van die Vader ruk nie. <sup>30</sup>Ek en die Vader is een." (Johannes 10:27-30)

## SAMEVATTEND

Ons leef in 'n tyd waar vreemde stemme daarop uit is om die kudde te verwar, diewe wat die kudde wil steel, slag en verwoes en roofdiere wat daarop uit is om die kudde te verskeur.

- In hierdie tyd moet die kudde leer om slegs die *stem* van hulle eie herder te volg en vreemde stemme te ignoreer;
- Die kudde moet weet dat die herder die enigste *deurgang* tot die volheid van die lewe is;
- Die kudde moet weet dat dit slegs hulle eie herder is wat hulle teen wrede roofdiere sal *beskerm*;
- Die kudde moet weet dat daar 'n unieke *verhouding* tussen hulle en die herder bestaan;
- Die kudde moet weet dat die herder die enigste een is wat hulle die *ewige lewe* kan gee, dat hulle in alle ewigheid nooit verlore sal gaan nie en dat niemand hulle uit die hand van die Herder en die Vader kan wegskeur nie!  
AMEN!

## 6. SLOTLIED

My Herder is die Heer alleen  
 Wat ek ontbreek wil Hy my gee  
 Hy laat my neerlê in groen weivelde  
 Waar rus is lei Hy my heen.



En ek vertrou op U alleen  
Ja, ek vertrou op U alleen  
U guns en goedheid sal my volg en vind  
Genade vir my U kind

U lei my in geregtigheid  
U salf my siel met hartlikheid  
My beker vloei net oor van dankbaarheid  
Van nou tot in ewigheid  
En ek vertrou op U alleen  
Ja, ek vertrou op U alleen  
U guns en goedheid sal my volg en vind  
Genade vir my U kind

## 7. SEËNBEDE

Die Here sal julle seën en julle beskerm;  
die Here sal tot julle redding verskyn  
en julle genadig wees;  
die Here sal julle gebede verhoor  
en aan julle vrede gee!

**AMEN**

## 8. OFFERGAWE

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer.

U as gesin kan EFT, of snapscan of via payfast in betaal.



NG Wonderpark.  
Absa Tjekrekening 1460165489  
Takkode:632005  
Verwysing: Dankoffer.

